Coca-Cola Dagblad

19 Julie 2008 - Web: www.dagblad.co.za



Coke-reeks skop af.

Vir drie-en-twintig jaar word al om die Coke trofee meegeding. Vanjaar is 'n besondere jaar want soos in die rugbyreëls is daar ook aan die reëls verander om by ander streke mee te ding. Veral met die nuwe brandstof-pryse het dit by meeste skole byval gevind. Vanjaar het 112 skole ingeskryf so die kompetisie gaan redelik straf wees. Daar word meegeding by Roodepoort, Tukkies, Hans Moore, Piet Potgieter asook Klerksdorp. 2007 wenner EG Jansen het vanjaar nog nie verloor nie en beskou die Coke-reeks as een van die beter kompetisies om jou 1ste span van volgende jaar voor te berei.

Daar wag 20 pryse op van die skole wat tot die kwartfinaal kan vorder. Twee skole per afdeling kom vanaf Hans Moore, Tukkies en Roodepoort terwyl Piet Potgieter en Klerksdorp elk een skool na die uitspele stuur.

Die media is ook hierdie reeks baie goedgesind en die skole kry redelik bloodstelling en Mediadekking.

Dit is nie net die seuns wat voordeel uit die reeks trek nie, aangesien die toetrede van

Powerade ook na die dogters gaan omsien. Daar gaan 'n mej Powerade gekies word en die pryse vanjaar lyk aansienlik beter as die van laasjaar. Die skole spog nie alleenlik met hul rugbyspanne nie maar kry meer bloodstelling met die hulp van hul vroulike ambasadeur.